# 'n Vergelyking tussen die teologie van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus

BJ Engelbrecht
Emeritus professor, Universiteit van Pretoria

Abstract
A comparison between the theology of the Belgian Confession and the Catechism of Heidelberg

The history of its origins shows that both emerge from the same mainstream of the calvinistic reformation and that both, in a certain sense, go back to Calvin himself. Their main differences therefore do not lie in their contents but in their form, determined by the circumstances in which they were born and by their intentions. The main motive of the Belgian Confession is *polemic* with the emphasis on doctrine; that of the Catechism of Heidelberg is *catechetic* with the emphasis on instruction aiming on consolation and the founding of faith. This article expounds and compares both the corresponding material and the 'own' material of each Confession.

Die stelling wat ons hier wil uitwerk, is dat die geskiedenis *van* die ontstaan en *rondom* die ontstaan van beide belydenisskrifte lig werp op: (a) hulle inhoud; (b) hulle vorm (of styl) en (c) hulle omvang.

Laat ons in die eerste plek let op die ontstaansgeskiedenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis. As ons die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbelydenis teen die raamwerk van die kerkhervorming nagaan, dan vind ons die volgende:

* Die kerkhervorming was naamlik 'n beweging om vanuit die Heilige Skrif die kerk te suiwer van alle lelike en mooi menslike leringe en bygelowe en om die

 ISSN 0259 9422 = *HTS 45/3 (1989)*

hele lewe *in te rig alleen volgens die Woord van God.* Die Woord van God was vir hulle die enigste bron van hulle kennis tot saligheid en die enigste rigsnoer en toetssteen vir hulle geloof en lewe. Dat dit ook die bedoeling van die Nederlandse Geloofsbelydenis is, blyk duidelik uit byvoorbeeld Artikel 7 waar ons onder andere lees: 'Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God *volkomelik* bevat en dat *alles* wat die mens moet glo om gered te word, daarin *genoegsaam* geleer word .... Dit is duidelik genoeg dat die leer daarvan (= van die Heilige Skrif) in *alle* opsigte *volkome* is.' Niks wat menslik is, hoe goed en 'heilig dit ook al mag wees' (bv 'geskrifte van mense', 'gewoontes', 'die groot menigte of oudheid of die opvolging van tye of persone of die konsilies, verordeninge of besluite'), met ander woorde selfs nie die beste wat mense kan voortbring, mag gelykgestel word met die Woord of Waarheid van God nie.

Hieruit blyk dit duidelik dat die Woord van God ook vir die Nederlandse Geloofsbelydenis, die enigste en volkome bron en rigsnoer vir die saligmakende geloof is. Maar dit is ook die enigste riglyn en toetssteen vir ons lewe. Daarom word die Nederlandse Geloofsbelydenis dan ook in sy titel genoem 'n belydenis van almal in die Nederlande wat na die suiwerheid van die Heilige Evangelie van ons Here Jesus Christus wil *lewe*' (alle kursiverings deur my - BJ E). Maar nou is dit nie so dat die Nederlandse Geloofsbelydenis alleen maar sê dat dit die hele geloof en lewe volgens God se Woord wil inrig nie. Ook wanneer ons dit lees, dan sien ons dat dit *ook wat die inhoud betref*, vol is van die woorde en gedagtes van die Bybel. Dit begin al dadelik met die woord: 'Ons glo met die hart en bely met die mond'. Hierdie woorde is 'n aanhaling uit Romeine 10: 9 en 10, terwyl in hierdie woorde daar 'n duidelike herinnering is aan die Bybelse gedagtes van Matteus 10: 32, 33; 2 Kronieke 3: 6; Hebreërs 10: 38 en 13: 15. En nou is dit nie maar net so met die beginwoorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Soos in so baie geskrifte van die kerkhervorming is dit 'n vreugde vir die Nederlandse Geloofsbelydenis om die nuut-ontdekte Woord van God in vryheid veelvuldig te laat klink.

• Maar as ons nou die beweging van die kerkhervorming noukeurig nagaan, dan sien ons dat daar in die midde van die ware kerkhervormers ook mense was wat gemeen het dat die kerkhervormers nie ver genoeg gegaan en nie radikaal genoeg was in hulle denke en optrede nie. Hierdie mense was die sektes waarvan die Wederdopers die vernaamste was. Hierdie mense wou baie verder gaan in hulle hervorming van die Roomse Kerk en die maatskappy as wat die kerkhervormers wou en kon gaan. Hulle (= die sektes) kon dit doen omdat hulle nie soos die kerkhervormers *die hele Skrif* (Ou- en Nuwe Testament) in sy

*hele samehang* laat spreek het nie. Hulle het byvoorbeeld Calvyn, Beza en De Brés verwyt dat hulle in hulle opvatting oor en optrede teenoor die burgerlike owerheid te veel aan die Ou Testament gebonde is. Die Wederdopers het dus dikwels net *die* Skrifgedeeltes en tekse gevat wat hulle standpunt gepas het. Buitendien het hulle baie klem gelê op die onmiddellike leiding van die Heilige Gees los van die Skrif, terwyl die Hervormers hulle ook in verband met die leiding van die Heilige Gees streng gebind het aan die hele Skrif in sy volle samehang.

Om hierdie rede kon die wederdopers so radikaal wees. Hulle wou 'n gemeente sonder rimpel of vlek stig en omdat hierdie gemeente volmaak sal wees, sou die burgerlike owerheid nie nodig wees nie. Hierdie gemeente moet alleen geregeer wees deur die leiding van die Heilige Gees na aanleiding van sekere Bybeltekste. Daarom het hulle gepoog om alle gesag af te gooi, die gesag van die Rooms-Katolieke Kerk sowel as van die burgerlike owerheid. So het Jan Mathijsz en Jan van Leyden dan ook so 'n 'Koninkryk van Sion' en 'Nuwe Jeruzalem' in 1533 in die stad Münster gestig. Deur hulle strenge optrede en radikale hervormings het daar onbeskryflike verwarring en anargie ontstaan. Kortom: Hierdie wederdopers was nie net rewolusionêr teenoor die Rooms-Katolieke Kerk nie, maar was ook staatsgevaarlik. Die biskop het ook reg gehad toe hy hulle met geweld in 1534-1535 in Münster onderdruk het.

* Nou is dit te verstane dat die ware kerkhervormers dikwels deur die Roomse kerklike en burgerlike owerheid met hulle verwar is en dat *alle* hervormdgesindes dikwels as staatsgevaarlike revolusiemense gesien is en dan ook vervolg, gemartel, verbrand en op ander maniere doodgemaak is. Dit is daarom ook te verstane dat alle egte kerkhervormers en hervormde belydenisse altyd 'n artikel bevat het oor hoe hulle die wese en taak van die burgerlike owerheid sien. So is dit byvoorbeeld in die Franse Geloofsbelydenis; so in Calvyn se leerboek, die Institusie, so in die werke van Beza en van De Brés en so ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 36).

* In die jaar 1555 het koning Phillips II van Spanje opvolger geword van Karel V en so het hierdie magtige vors ook heer van die Nederlande geword. Phillips was, na Rooms-Katolieke standaarde gemeet, 'n vrome, toegewyde man wat as monnik en keiser sy godsdienstige pligte nougeset nagekom het. Sy dierbare Rooms-Katolieke geloof het hy bo alles gestel en hy was bereid om alles daarvoor op te offer, al moes dit ook die lewens van baie mense kos. In Phillips se tyd beleef die vervolging van Jode en Protestante dan ook 'n hoogbloei.

* Dit is teen hierdie agtergrond dat die Nederlandse Geloofsbelydenis ontstaan het. Die Spaanse owerheid het naamlik opdrag gegee aan die bevelhebber van die kasteel te Doornik in Vlaandere, asook aan twee kommissarisse, om ondersoek in te stel na die beweging van die hervormers aldaar. Nou is die gevaar (soos hierbo uiteengesit) groot dat die ware hervormers verwar kon word met die staatsgevaarlike sektemense. Trouens, dit het ook al reeds gebeur, en tallose vervolgings, inhegtenisnemings, martelinge en verbrandings het plaasgevind.

Dit is in hierdie omstandighede dat Guido de Brés die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel het. Hy het die Franse Geloofsbelydenis van 1559 (wat op sy beurt teruggaan op 'n ontwerp deur Calvyn self opgestel), as voorbeeld gebruik. Eerstens is sy bedoeling om aan te toon wat die geloof van die hervormers eintlik is. Hy wil aantoon dat die hervormers op grond van die Heilige Skrif nie anders kan glo as wat hulle doen nie. Dit is vir hulle 'n saak van lewe-en-dood en hulle mag nie swyg nie. Eerstens moet hulle hulle geloof afgrens teenoor die ketterye van die wederdopers en aantoon dat hulle nie daardie staatsgevaarlike sekte is nie. Hulle sê in hulle brief aan die koning dat 'ons vyande u ore met soveel valse aanklagte en rapporte vervul het', en as dit alles waar sou wees, byvoorbeeld dat hulle 'oproerige mense is wat niks anders begeer as om alle politieke burgerlike regering te breek en verwarring en vermenging in die wêreld wil bring' nie, dan het die koning alle reg om hulle te vermoor, te verbrand en vir die diere te gooi. Maar 'ons wil nou voor God en sy engele getuig, dat ons niks hoër begeer as om onder die gehoorsaamheid van die owerhede met 'n rein gewete te leef, God te dien en ons volgens sy Woord en heilige Gebooie te hervorm nie'. Hulle wil aan niks anders as God se Woord glo nie, en is dit dan nie só dat die evangelie sê dat hulle moet bid vir die owerheid nie? Hulle doen dit daagliks en uit Romeine 13, Spreuke 8: 15 en die geskiedenis van Samuel weet hulle dat die owerheid 'n dienares van God self is en dat wie die owerheid weerstaan, weerstaan die ordinansie van God. Uit Matteus 22: 17 weet hulle dat hulle aan die keiser moet gee wat aan die keiser toekom. En dieselfde dinge wat hulle in hulle brief sê, bely hulle ook as hulle geloof in Artikel 36 van hulle belydenis.

Op hierdie wyse grens hulle hulle af teenoor die dwaalleer van die Wederdopers in verband met die burgerlike owerheid, en pleit hulle vir billiker behandeling.

Maar hulle grens hulle ook af teenoor die dwaalleer van die Rooms-Katolieke Kerk. Rome het die suiwerheid van die evangelie en kerk vertroebel

deur allerlei menslike bepalings, voorskrifte en bygeloof. Hulle (die hervormers) wil alleen glo en leef volgens die suiwer Woord van God. Hulle sal alles, liggaam en goedere (volgens Matt 22: 17) oorgee aan die koning aan wie dit toekom. Die koning moet hulle tog net toelaat om aan God te gee wat God toekom. Op hierdie punt staan hulle onwrikbaar. Liewer as om dit prys te gee, sal 'ons ons rug vir die sweep, ons tong vir die messe, ons mond vir die stang en ons hele liggaam vir die vuur aanbied, wetende dat wie Christus wil volg, sy kruis moet opneem'.

Die vraag is net: Waarom swyg hulle dan nie liewer nie. Die antwoord is: Hulle mag nie swyg nie; hulle mag nie, omdat juis die evangelie wat hulle bo alles stel, hulle daartoe dwing om te getuig en te bely. Sê 1 Petrus 3 dan nie dat hulle *altyd* bereid moet wees om aan elkeen wat daarom vra, van die hoop wat in hulle is, rekenskap te gee nie? Sê Markus 8 en Lukas 9 nie dat as hulle hulle skaam vir die evangelie voor die mense, dat die Seun Hom vir hulle sal skaam in die heerlikheid van sy Vader nie? En sê Matteus 10 dan nie dat as hulle Hom voor die mense bely, Hy hulle voor sy hemelse Vader sal bely nie, en as hulle Hom voor die mense verloën, Hy hulle voor sy Vader sal verloën nie? Daarom mag hulle, soos alle ware belyders, nie swyg nie, omdat die Woord van God, wat vir hulle bo alles is, dit vra.

Op hierdie wyse wil hulle voor die volk en owerheid getuig en so die onkunde uit die weg ruim asook al die vervolging wat daaruit voortvloei. So word hierdie belydenis dan ook 'n leerboek.

Die merkwaardige van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit: Menslik gesproke sou alleen die pleitbrief aan die koning en Artikel 36 genoeg gewees het om daarmee te vra dat hulle nie so vervolg, gemartel en vermoor moes word nie. In werklikheid is hierdie brief nie deel van die Geloofsbelydenis nie en is Artikel 36 maar één van die baie Aartikels. Hierdie hervormers het hulleself verdedig deur hulle *hele* geloof in Jesus Christus op grond van die Skrif te bely. Die tydelike omstandighede van vervolging en marteling het verbygegaan. Daarom is Phillips en die omstandighede te Doornik alleen van historiese belang. Maar die volle inhoud van die suiwere geloof waarmee hulle hulle verdedig het, is vandag nog - ná vier honderd jaar - lewend en aktueel (Engelbrecht 1979: 60-63).

## Wat die Heidelbergse Kategismus betref:

Toe Keurvors Frederik III van die Palz staatshoof geword het, het hy gevind dat 'die volk onder die poudsom sonder 'n Kategismus opgegroei het' en dat hulle bygevolg

sonder die kennis van God se Woord en sonder die vrees van die Here geleef het. Hieruit het alle verkeerdhede en wanpraktyke voortgevloei omdat die volk die Woord van God wat 'die enigste fondament van alle deugsaamheid en gehoorsaamheid is', nie geken het nie. Onder die pous (die Antichris, volgens Frederik) het Satan die suiwere leer van die Kategismus uit die Woord van God verdring met allerlei menslike seremonies soos byvoorbeeld die vormsel. Frederik het gevind 'dat die bloeiende jeug, beide in die kerke en in die skole, baie nalatig en partymaal glad nie en partymaal op verskillende maniere opgevoed word na elkeen se voorneme en goeddunke'.

Om sy 'deur God opgedraagde amp' in verantwoordelikheid teenoor God uit te voer en op die suiwere leer ook 'n gesonde kerklike regering te bou en om 'n einde te maak aan al die nalatigheid en ordeloosheid, het Frederik op grond van die Skrif besluit om 'n Kategismus te laat opstel. Hierdie Kategismus moes dien as 'n 'gewisse en bestendige vorm en maatstaf' sodat daaruit sou volg 'n sekere 'korrektheid en gelykvormigheid' en sodat 'ons liewe onderdane tot gelykheid in die Christelike leer en ook in die uiterlike seremonies en tot die regte kennis van Gods Woord en Wil gevoer sal word *in 'n weg wat in die Heilige skrif gegrond is*'.

Met hierdie doel voor oë, het Frederik toe 'die ganse teologiese fakulteit en ook die superintendente en vernaamste kerkdienaars' byeengeroep om "n opsommende onderrig of Kategismus van ons Christelike Godsdiens uit God se Woord op te stel, beide in die Duitse en Latynse taal'. Blykbaar is daar toe 'n klein komitee uit hierdie 'fakulteit, superintendente en vernaamste kerkdienaars' gekies om die beoogde Kategismus voorlopig op te stel. Die groot werk is hier gedoen deur Zacharias Ursinus wat persoonlik twee voorlopige Kategismusse ('n kleinere en 'n grotere) op skrif gestel het. Dit is nie baie duidelik watter rol Caspar Olevianus gespeel het nie. In elke geval het hy met gesproke en geskrewe woord so 'n rol gespeel dat hy saam met Ursinus tot die 'mede-opsteller' van die Heidelbergse Kategismus gereken word. Uit berigte uit daardie tyd (bv deur Alting) weet ons dat Olevianus byvoorbeeld 'n populêre verklaring oor die genadeverbond opgestel het en dat hy ook 'n konsep-kategismus ingedien het. Blykbaar het hy ook by die bespreking 'n belangrike rol gespeel (kyk ook Oberholzer 1978: 1-4).

Toe die konsep in Januarie 1563 gereed was, het Frederik dit voorgelê aan 'al my superintendente, vernaamste kerkdienaars en teoloë en vir agt dae het hierdie sinode gedagtes gewissel en die Kategismus met God se Woord en met ander geskrifte uit die kerkhervorming vergelyk'. Dit is dan ook die rede vir die feit dat die Heidelbergse Kategismus een van die suiwerste en beste Protestantse Kategismusse is wat daar bestaan. Dit is naamlik gebou op God se Woord én by die opstelling is gebruik gemaak van die beste wat daar te vinde was op die gebied van die

Hervormde (en spesiaal: Calvinistiese) Kategismusse. Olevianus sê self in 'n brief van 14 April 1563 aan Bullinger dat 'nie van één mens nie, maar van baie is die vrome gedagte in die Heidelbergse Kategismus byeengebring'. So weet ons byvoorbeeld dat by die opstelling van die Heidelbergse Kategismus daar gebruik gemaak is van die twee Zürichse Kategismusse deur Leo Judaeus opgestel; van die Zürichse Kategismus deur Bullinger opgestel; van die Geneefse Kategismus van Calvyn; van die twee Londense Kategismusse deur a'Lasco en Micron onderskeidelik opgestel, asook van die Emdense Kategismus wat waarskynlik deur a'Lasco opgestel is, en ten slotte die twee genoemde Kategismusse van Ursinus self.

Teen hierdie historiese agtergrond moet ons soek na die feit dat die Heidelbergse Kategismus naas dié van Luther en Calvyn seker die bekendste Kategismus (en trouens een van die bekendste geskrifte uit die hele kerkhervorming) is. Die voortreflikheid van die Heidelberger is veral aan twee redes te danke, naamlik sy inhoud en sy vorm. Wat die inhoud betref, vat dit die hoofpunte van die suiwer Bybelse leer sekuur saam nadat dit eers noukeurig geluister het na die beste leerboeke wat daar op die erf van die kerkhervorming te vinde is. Wat die vorm betref, is die Heidelbergse Kategismus kort, saaklik en helder en daarom maklik om te onthou. Olevianus loof self in sy genoemde brief die helderheid van die Heidelberger en hy dank dit aan 'die blinkende vernuf van die Switsers'. In die eerste plek dink hy hier ongetwyfeld aan Calvyn.

In elk geval, in die begin van Januarie 1563 was die konsep van die Heidelbergse Kategismus gereed en is dit vir agt dae lank bespreek en vergelyk met Gods se Woord en met ander geskrifte uit die kerkhervorming. Op 17 Januarie 1563 het die sinode van die Palz die heilige nagmaal gevier, ook met die oog op 'die meerdere eenstemmige bevestiging van die Kategismus'. Daarna het Frederik die sinode toegespreek en gewag gemaak van sy blydskap oor die eenstemmigheid wat gevoer het tot 'n eenvormige Kategismus wat nou kon dien tot die opbou van die geloof van sy onderdane en as basis vir die burgerlike welvaart van sy land en regering. Die sinode het toe die Kategismus aanvaar en twee dae daarna het Frederik sy beroemde voorrede, wat ons alreeds genoem het, geskryf en die Kategismus is byna onmiddellik daarna gedruk by Johannes Mayer (Engelbrecht 1979: 65-67, en Oberholzer 1987 vir teks van HK).

## Gevolgtrekking

Uit hierdie geskiedenis is dit duidelik dat albei hierdie belydenisskrifte twee sake in gemeen het, naamlik:

Albei sluit ten nouste aan by die Bybels-Reformatoriese teologie van Calvyn, én albei wil *positief* die hoofpunte van hierdie Bybels-reformatoriese leer duidelik

uiteensit en wil *negatief* hierdie leer en belydenis enersyds teenoor Rome en andersyds teenoor die destydse sektariese stromings afgrens. 'n Mens kan ook sê dat die Calvinistiese teologie en kerk hiermee hulle eie identiteit soek, vasstel en omskryf.

In watter mate hierdie twee belydenisse gemeenskaplik die hoofpunte van die Christelike geloof uit die Bybel probeer weergee, blyk uit Bylae A, hierby aangeheg.

Ter illustrasie kan ons onder andere na die behandeling van ons heiliging en die noodsaak van ons goeie werke uit die geloof, na die Nederlandse Geloofsbelydenis 24 verwys en die Heidelbergse Kategismus 62, 63, 86, 87, 88, 89 en 90.

Elke bousteen van hierdie baie belangrike leerstuk vir beide die Reformatoriese dogmatiek én etiek word in albei belydenisskrifte duidelik gestel en met mekaar verbind. Tot selfs die woorde en sinne kom met mekaar in elkeen se formulerings ooreen, terwyl Heidelbergse Kategismus 64 'n welkome aanvullende gedagte na vore bring oor die vraag of hierdie leer nie onverskillige en roekelose mense voortbring nie.

In Nederlandse Geloofsbelydenis 8 en Heidelbergse Kategismus 24 en 25 word oor die Drie-eenheid gehandel. Waar die Heidelbergse Kategismus met skynbaar skraal woorde dié leer en belydenis stel 'omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is', daar stel die Nederlandse Geloofsbelydenis eintlik belydend die hele oud-kerklike leer van die Triniteit (Engelbrecht 1978: 136-187). Dieselfde gebeur in die Nederlandse Geloofsbelydenis 19 en Heidelbergse Kategismus 15, 16, 17, 18, 46 en 47 waar die twee-natureleer in verband met Jesus Christus belydend en lerend ter sprake kom. Die Heidelbergse Kategismus verklaar nie, maar spits dié belydenis soteriologies toe, terwyl die Nederlandse Geloofsbelydenis meer lerend omskryf. En tog sal ek oor genoemde sake nie één van bogenoemde (en talle ander) aanvullings van mekaar wil ontbeer nie. Eers nadat 'n mens na albei geluister het, kom die volle rykdom van die Bybels-Reformatoriese belydenis na vore.

Uit bostaande geskiedenisse kan ons ook *wat die vorm en styl betref*, die volgende gevolgtrekking maak:

Ek het in vroeëre publikasies (bv Engelbrecht 1979: 58-60; 1987: 72-85) herhaaldelik aangetoon dat die polemiese en kategetiese motiewe vir die kerk se belydenisvorming, baie belangrik is. Hoewel albei dié motiewe in beide die Nederlandse Geloofsbelydenis én die Heidelbergse Kategismus teenwoordig is, is die Nederlandse Geloofsbelydenis sterk polemies en die Heidelbergse Kategismus (wat vorm, maar ook wat inhoud betref) sterk kategeties ingestel. Uiterlik blyk dit onder andere uit die vraag-en-antwoord vorm van die Heidelbergse Kategismus. Tipies en opvallend van die Heidelbergse Kategismus is die *pro-nobis* toonaard

daarvan, die gekonsentreerde toespitsing van die heilsbetekenis van 'n bepaalde leerstuk op die 'my' van die katkisant. Die *heilsfeite*, byvoorbeeld dat God die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde is (26), of dat Jesus Christus wat werklik dood was, opgestaan het en lewe (45), word as 't ware stilswyend aanvaar, maar die *heilsbetekenis* word gekonsentreerd toegespits op die 'vir my' van die katkisant. Heidelbergse Katigismus vra gewoonweg: 'Watter nut het die *opstanding* van Jesus Christus *vir ons*?' Die antwoord lui dan: 'Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy *ons* die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Tweedens word *ons* nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Derdens is die opstanding van Christus *vir ons* 'n betroubare waarborg van *ons salige opstanding*' (my aksentuering). Dit gebeur veral in die uitleg van die Apostolicum, die Wet en die Onse Vader. Maar in ander gedeeltes (bv 6 tot 25 en bv by die behandeling van die sakramente), is die Heidelbergse Kategismus net so teties en polemies as die Nederlandse Geloofsbelydenis. Ja, agter die afweeg van die regverdigheid en barmhartigheid van God (HK 10-12) en veral agter die metode om oor die twee nature van die Middelaar te praat (HK 14 en 15-17), lê daar 'n redelike mate van teologiese konstruksie. Sommige sal sê: 'n Sterk spekulatiewe tendens.

Maar ons moet ons nie laat mislei nie. In sy teties-polemiese vorm is die Nederlandse Geloofsbelydenis nie minder eksistensiëel belydend as die Heidelbergse Kategismus nie. Uit bostaande geskiedenis blyk dit dat dit óók vir die Nederlandse Geloofsbelydenis gaan oor sake van lewe en dood en daarom durf hulle nie swyg nie. Van Selms (1951: 5) het die tese verdedig dat die eerste aantal artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis meer skolasties is, terwyl die latere artikels meer soteriologies-eksistensieel is. Vroeër het ek self so gedink, maar noukeuriger studie het my laat besef dat hy wat hom polemies afgrens teen die skolastiek, nie anders kan en mag as om enigermate in hulle taal te praat nie. Trouens wie na die sogenaamde 'skolastiese' Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis kyk, sien al dadelik dat die beginwoorde - ons glo met die hart en bely met die mond - belydend uit Romeine 10: 10 geneem is met 'n duidelike sinspeling op Hebreërs 13: 15 waar ons die oproep het om 'deur Jesus aan God die offer van lof te bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely'. Selfs Van Selms moes toegee dat die feit dat God hier 'almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is' genoem word, eerder Bybelse lofprysing as skolastiese redenasie is. Trouens, myns insiens is die ander deugde van God wat in Artikel 1 genoem word, eerder ou-kerklike termini as skolastiese spitsvondighede.

Ander opvallende sake wat uit die vorm en styl van beide belydenisse voortvloei, is die volgende:

- Die Heidelbergse Kategismus bevestig verder sy eg Calvinistiese aard deur die Wet uit te lê as die *reël* van die gelowige se dade uit *dankbaarheid* (vir sy verlossing deur die geloof in Jesus Christus), terwyl die teologiese en politieke gebruike van die Wet slegs sydelings ter sprake kom. (Die leer van die *tres usus legis*.) Die Nederlandse Geloofsbelydenis daarenteen behandel slegs die *teologiese* saak van die seremoniële wet as prefigurasie van Jesus Christus wat met sy reële koms afgeskaf is (NGB 25). Inderdaad 'n belangrike en onmisbare teologiese aangeleentheid.
- Verder stel die Heidelbergse Kategismus vir ons saam met die uitleg van die Onse Vader-gebed 'n omvangryke stuk Reformatoriese etiek belydend op skrif. Ek sou nie graag hierdie stuk etiek as deel van ons geloofsbelydenis wil ontbeer nie. Trouens ek het al dikwels teenoor mense met ander geloofsbelydenisse met vreugde daarna verwys dat die Heidelbergse Kategismus nie net die regte geloof belydend uitspreek nie, maar óók die regte lewe vanuit daardie geloof. Die Nederlandse Geloofsbelydenis 24 wat oor die heiligmaking en die goeie werke handel, is net so suiwer ten opsigte van die begronding van die etiek as die Heidelbergse Kategismus 62-63, (64) en 86-91. Maar nou kom die Heidelbergse Kategismus met nog meer, met 'n addisionele stuk etiek, gerig op die lewenspraktyk.

Hierdie laaste aangeleentheid het ons alreeds gebring by die derde aspek wat ons in die inleiding genoem het, naamlik die omvang. Die vergelykende lys (Bylae A) toon heelwat eie stof by beide die Nederlandse Geloofsbelydenis as die Heidelbergse Kategismus. By laasgenoemde het ons al op die hele stuk belydenis en leer oor die gelowige se lewenspraktyk gewys.

Wat die Heidelbergse Kategismus betref, word daar in 19 en 25 wel verwys na die Heilige Skrif as kernbron ten opsigte van die Middelaar (wat tegelykertyd waaragtige, ewige God is én waaragtige, regverdige mens), asook ten opsigte van die Drie-eenheid. Maar die Heidelbergse Kategismus behandel nie dié sake wat ons in Nederlandse Geloofsbelydenis 3-7 vind nie en wat van kardinale teologiese belang is, naamlik die leer aangaande die Heilige Skrif, veral sy uniekheid, gesag, genoegsaamheid en volmaaktheid. Hier loop leer en belydenis hand aan hand. Ook hier moet ek sê dat ek nie graag hierdie stuk leer en belydenis uit ons belydenis weggelaat wil sien nie, al is daar dikwels en word daar ook vandag besware en selfs die verwyt van 'n naïewe visie van die Skrif na vore gebring (kyk o a Bosman *et al* 1978).

Die verleiding is groot om die Nederlandse Geloofsbelydenis 7 hier aan te haal; gaan egter en lees maar gerus hierdie Artikel. Dan sal u agterkom met watter forse

penstrepe die genoemde eienskappe van die Skrif teenoor die Rooms-Katolieke Kerk en die sektariërs afgegrens word. Maar hierdie leer aangaande die Skrif word 'n stuk soteriologiese belydenis wanneer daar heel aan die begin van hierdie Artikel staan: 'Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat *alles wat die mens vir sy saligheid moet glo*, daarin voldoende geleer word'. En agter dit staan daar die genadige God wat deur die Skrif wat bostaande kwaliteite het, aan ons die weg en die sekerheid van ons heil bekend maak en die daaruit voortvloeiende regte rigting van ons aardse lewe.

Wat hierbo oor die belydenis aangaande die *Skrif* gesê is, geld ook ten opsigte van die belydenis van die *kerk*. Die Nederlandse Geloofsbelydenis 27 en die Heidelbergse Kategismus 54 (en 55) dek mekaar wel, hoewel Nederlandse Geloofsbelydenis veel wyer is as Heidelbergse Katigismus 54 (en 55). Maar in die Nederlandse Geloofsbelydenis 28-31 vind ons teologiese riglyne oor die kerk wat vir die leer en belydenis oor die kerk, maar ook vir die kerklike praktyk van kardinale belang is. Slegs op die punt van die orde en tug in die kerk, wat die oorgangsdrumpel tussen die kerk en die sakramente vorm, is daar oorvleueling (NGB 32 en HK 83-85).

Die tipiese teologie van die Heidelbergse Kategismus lê uiteraard in sy sogenaamde eie stof. Uiteraard val die uiteensetting van al die eie stof van die Heidelbergse Kategismus buite die bestek van 'n enkele artikel en buitendien bestaan daar heelwat volledige boeke oor dié onderwerp (kyk o a Koopmans 1946; Haitjema 1962; Miskotte 1947; Noordmans 1949; Oorthuys 1948; Berkelbach van der Sprenkel 1948; Karl Barth 1948). Daarom lig ons hier slegs 'n paar temas uit wat ons insiens tipies van die Heidelbergse Kategismus is.

Die eerste tema is dié van die *troos*. Vandag sal ons in hierdie verband miskien van die gevoel van veilige geborgenheid praat. Dit het in die eerste plek 'n verankerdheid in die verlede naamlik die troue voorsienigheid van ons hemelse Vader asook die verlossing deur Jesus Christus. Hierdie verlossing word hier in die beeldspraak van betaal en loskoop gegiet, sodat ons behoort-aan (en dus veilige geborgenheid-in) Jesus Christus as 't ware, logies hieruit voortvloei. So word die noue verband tussen troos en verlossing gehandhaaf. Maar hierdie troos het nie net 'n gister nie, maar ook 'n hede. 'Hy bewaar my op so 'n wyse, dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.' Die etiese implikasie van hierdie verlossing en bewaring is 'dat Hy ons van harte bereid en gewillig maak om voortaan vir Hom te lewe'. Die woordjie 'voortaan' dui alreeds op die *toekoms*. En inderdaad het hierdie troos ook 'n toekomsperspektief. Waar dit ons veiligheid en geborgenheid hier-en-nou verskaf, daar bied dit wat die toekoms betref, *sekerheid*. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van *die ewige lewe*. Dit lê ook

alreeds in die beginwoorde dat hierdie troos, 'n troos is om lewe *én dood*. Die illusie mag miskien by mense bestaan dat daar baie dinge is wat veilige geborgenheid en sekerheid in hierdie lewe kan verskaf, maar voor die harde werklikheid van die dood, staan hulle verleë en reddeloos. Nou sê die Heidelbergse Kategismus dat dié troos wat uit die troue God kom wat ons in Jesus Christus verlos het, die *enigste* troos in lewe en in sterwe is. Hierdie eksklusiwiteit (wat o a ook in die *sola Scriptura*, *sola fide* en *sola gratia* geleë is), is 'n suiwer reformatoriese klank wat ons telkens ook elders in die Heidelbergse Kategismus teenkom. Maar ook die inklusiwiteit van hierdie denke kom sterk na vore. Ek behoort nie net vir hierdie lewe en tyd aan Jesus Christus my getroue Saligmaker nie, en ook nie net vir die ewigheid ná die dood nie, maar ek behoort aan Hom in *lewe én dood*. Só behoort ek ook nie aan Hom net met my siel nie, maar met *liggaam én siel*, dit wil sê as *totale mens*.

Opvallende karaktertrekke van hierdie Vraag en Antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus is, soos hierbo geblyk het: Sterk strukturele bou; woordekonomie; saaklike en tog fyn formulering en wydheid van visie.

Dieselfde voortreflike kwaliteite vind ons byvoorbeeld ook in die uitleg van die Jesus-naam (HK 29) en veral in die uitleg van die ampsnaam van Jesus, naamlik Messias-Christus (HK 31). Dié naam beteken Gesalfde en hierop bou die Heidelbergse Kategismus die salwing van Jesus tot sy drie-voudige amp, die *munus triplex*. Hy is nie tot drie ampte gesalf nie, maar tot één drie-voudige amp waarin elke ampsaspek die ander twee veronderstel en verryk. Weer eens het ons hier die soteriologiese toespitsing. As Profeet en Leraar openbaar Hy 'die verborge raad en wil van God *aangaande ons verlossing* ten volle'. As ons enigste Hoëpriester '*verlos* Hy ons met die enige offer van sy liggaam' en as ons ewige Koning regeer Hy ons, beskerm en bewaar Hy ons 'by die *verlossing* wat verwerf is'. Die term '*ten volle* openbaar' asook dat Hy 'ons *enigste* Hoëpriester' is wat 'met sy *enige* offer' verlos, toon aan ons weer eens die eksklusiewe karakter van hierdie stuk Reformatoriese teologie. Dit sluit ander openbarings, 'n ander hoëpriester en 'n ander, aanvullende offer vir ons verlossing uit. Verder is dit opvallend dat nie net die offer van Christus as Hoëpriester na vore gebring word nie, maar ook 'sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons'. 'n Hoëpriester offer nie net nie, maar bid ook.

In bogenoemde behandeling van die *munus triplex* van Jesus, die Christus, was daar alreeds 'n toespitsing op die *pro nobis*. Hy is '*ons* hoogste Profeet en Leraar' wat 'aan *ons* die verborge raad en wil van God aangaande *ons* verlossing ten volle bekend maak', '*ons* verlos' deur sy kruisoffer en wat 'gedurigdeur met sy voorbidding by die Vader *vir ons* intree', wat '*ons* ewige Koning is en *ons* met sy Woord en Gees regeer' en '*ons* by die verlossing ... beskerm en bewaar'. Nou word hierdie toespitsing nog verder gevoer deur in die Heidelbergse Kategismus 32 te handel oor

*ons* wat aan die Gesalfde deel het deur die genade en geloof. As gesalfdes het die Christene dus aan dié Gesalfde deel en bygevolg ook aan sy ampte waartoe Hy gesalf is. Dit (nl deelhê aan sy salwing deur die geloof) word in die eerste deel van die antwoord van Heidelbergse Kategismus 32 gestel. Maar nou kom die seldsame suiwerheid van die Heidelbergse Kategismus na vore: Die Christus se profeetskap was om God se raad en wil ten volle te openbaar; die Christen s'n is nie *openbaring* nie, maar gelowige *belydenis* van sy Naam; *sy* offer was 'n *soenoffer* maar die Christen kan niks by dié genoegsame offer wat eens-en-vir-altyd plaasgevind het, bydra nie; die Christen kan alleen 'n *dankoffer* vir Christus se volmaakte soenoffer bring. *Sy* soenoffer het gebeur deur sy *dood* aan die kruis; die Christen kan alleen homself (weer die totaliteitsdenke) 'as *lewende* dankoffer aan Hom toewy'. As Koning *regeer*, beskerm en bewaar Hy; die Christen as deel van die *ecclesia militans*, kan in hierdie lewe alleen 'teen die sonde en duiwel *stry*'. Die *ecclesia triumphans* kom eers in die hiernamaals waarin die Christene '*met Christus* in ewigheid oor alle skepsele *kan regeer*'. In die volgende antwoord (HK 33) word die Christus-titel 'eniggebore Seun van God', uitgelê op so 'n wyse dat beide die uniekheid van die Gesalfde èn ons deelname aan Hom deur die geloof, gehandhaaf word. Hy is 'die ewige *natuurlike Seun* van God', terwyl ons om sy ontwil uit genade tot *kinders van God aangeneem* is.

Hoe sterk die Heidelbergse Kategismus op die alledaagse lewe en lewensvrae gerig is, blyk uit Heidelbergse Kategismus 42 waar die vraag gevra word: As Jesus vir ons gesterf het en die dood oorwin het, hoekom moet ons dan nog sterwe? Die antwoord is tweërlei: Eerstens dat ons dood nie betaling vir die sonde is nie, omdat Christus alreeds klaar en voldoende daarvoor betaal het. Die versweë gedeelte wat agter hierdie antwoord lê, is die troosryke gedagte van 1 Korintiërs 15: 54-57, naamlik dat die oorwinning en angel van die dood deur Jesus Christus vernietig is. Tweedens word vanuit bogenoemde gestel dat in bogenoemde lig ons sterwe 'slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe is'.

Sy verklaring van die Apostolicum-artikel oor die neerdaling na die hel, kies die Heidelbergse Kategismus uit die verskillende moontlikhede dié een wat hierdie Artikel (44) sien as die nadere uitleg van die Artikel oor Jesus Christus se lyding (37), veral van sy lyding aan die kruis (39). Hierdie saak word soos volg geformuleer: 'Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het'. Maar tipies van die Heidelbergse Kategismus, begin hierdie antwoord nie met hierdie uitleg van die belydenis oor Jesus Christus se neerdaling na die hel nie. Dit begin sommer dadelik met die *troos en bemoediging* wat vir die gelowige opgesluit lê in die *feit* van Jesus Christus se neerdaling na die hel, nog voordat dit uitgelê word.

Die antwoord begin deur te stel: 'Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het'. Deel van hierdie verlossingsdaad is *sy* helse benoudheid en pyn sy hele lewe deur, maar veral aan die kruis waar God Hom verlaat het sodat ons nooit deur Hom verlaat sal word nie. Hieruit blyk dit ook duidelik dat die hel vir die Heidelbergse Kategismus objektief die Godverlatenheid, die sonder-God-wees is, en subjektief die helse smarte, pyn, verskrikking, angs, pyn en benoudheid wat daaruit voortvloei.

Aangesien ons alreeds op die sterk etiese uitslag van die Heidelbergse Kategismus en die lewenskunde en lewenskuns wat daaruit voortvloei, gewys het, naamlik in die Heidelbergse Kategismus se behandeling van die Wet van God (92-115) en die Onse-Vader-gebed (116-129), gaan ons nie verder hierop in nie, maar sluit ons af met een van die mees verwaarloosde belydenisstukke in ons prediking en in die gedagtewêreld van ons gelowige lidmate, naamlik die hemelvaart (HK 46-49). Van der Leeuw het eenkeer gesê dat hy weet waarom ons so min maak van die belydenis van die hemelvaart in ons prediking en geloofslewe. Hy het gesê dat die fabrieke, motors en stowe in die moderne, tegnologiese tyd soveel rook maak dat ons nie meer die hemel duidelik daardeur kan sien nie! (Van der Leeuw 1955: 107; eintlik 96-108). En Van der Leeuw het reg. Ons is so besig met ons vervaardiging van begeerlike goedere en met ons genieting daarvan in 'n tegnologiese tydvak, dat ons min of geen tyd het om na Bo te kyk waar Hy is, om te 'strewe na dié dinge daarbo waar Christus is' (Kol 3: 1). Prof Greyvenstein wat onder andere ook Dogmatiek aan die Nederduitsch Hervormde Teologiese Fakulteit gedoseer het (1917-1945), het meer van vrae as antwoorde en stellings gebruik gemaak en byvoorbeeld gevra: 'Denken wij niet te weinig aan de engelen?' Miskien moet ons ook vra: Denken wij niet te weinig aan de hemelvaart?' veral as 'n mens sien watter ryke en troosryke betekenis die Heidelbergse Kategismus daaraan gee. Kort en kragtig stel die Heidelbergse Kategismus die *feit* van Jesus Christus se hemelvaart, maar voeg dadelik die *troos* aan hierdie feit verbonde daarby. Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is *vir ons* daar *ten goede*'. Maar Hy het (Matt 28: 20) belowe: 'Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld'. Die vraag is nou: Word hierdie troosryke belofte nie tot niet gemaak deur die belydenis dat Hy na sy mensheid nie meer op aarde is nie, maar is aan God se regterhand nie? Die Heidelbergse Kategismus sê: Die stelling dat Hy na sy mensheid nie meer op aarde is nie, ontneem ons geensins van bogenoemde belofte nie, want 'wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons weg nie'. As dit só is, is 'n verdere, heel praktiese vraag of ons nie dan Jesus Christus se menslike en goddelike nature van mekaar skei nie?

Indien dit waar sou wees, sal daar 'n teëspraak wees onder andere tussen Heidelbergse Kategusmus 47-48 en Nederlandse Geloofsbelydenis 19 wat onder andere stel dat sy goddelike en menslike nature nie van mekaar geskei is selfs 'toe Hy 'n klein Kindjie was', ook nie 'deur sy dood' nie en ook nie 'toe Hy in die graf gelê het nie'. Die Heidelbergse Kategismus stel dit egter dat sy goddelike natuur alomteenwoordig is en dus tegelykertyd troosryk by ons op aarde teenwoordig is ên verenig is met sy menslike natuur in die hemel.

Natuurlik lê agter hierdie skynbaar sterk spekulatiewe teologie, 'n polemiese intensie, naamlik teen die konsubstansiasie-opvatting oor die Avondmaal van Luther-hulle. Hulle stel naamlik dat die instellingsfrase van die Avondmaal, 'neem eet; *dit is* my liggaam' en 'drink almal daaruit, want *dit is* my bloed' (Matt 26: 27), die werklike fisiese teenwoordigheid van Jesus Christus se liggaam en bloed (dws sy mensheid) by elke Avondmaalsviering veronderstel. Veral as ons in aanmerking neem dat die Avondmaal gelyktydig op verskillende plekke en selfs wêrelddele gevier word, veronderstel dit 'n alomteenwoordigheid van sy mensheid (liggaam en bloed). Die woorde '*dit is*' beteken volgens Luther werklike, konkrete, fisiese teenwoordigheid en nie: '*dit beteken*' of '*dit herinner my aan*' Jesus Christus se liggaamlike teenwoordigheid nie (so Huldreich Zwinglis Werke II: 2, 94vv). Daarom leer Luther die *communicatio idiomatum*, die deelname van Jesus Christus se mensheid, sy liggaam en bloed, ná sy opstanding aan sy goddelike eienskappe, in hierdie geval: Sy goddelike eienskap van *alomteenwoordigheid*. Nee, sê die Calvinisme: As Jesus Christus se mensheid ná sy opstanding alomteenwoordig sou wees, dan was die hemelvaart nie nodig nie, want deur sy alomteenwoordigheid is Hy mos tegelykertyd op die aarde ên in die hemel. Daarom, só stel die Calvinisme, *is sy mensheid in die hemel*, maar 'dit wat deur ons geëet en gedrink word, is die eie natuurlike liggaam en die eie natuurlike bloed van Christus; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie die mond nie, *maar met die gees deur die geloof*'. Die geloof word hier ook genoem 'die hand en die mond van die geloof'. Waar Rome met sy transsubstansiasieleer stel dat die enigste manier waarop on deel aan die werklike liggaam en bloed kan kry, dit is dat die wyn en brood na hulle uiterlike verskyningsvorm brood en wyn bly, hulle na hulle wese (substansie) verander word in die liggaam en bloed van Christus deur die konsekrasie deur die mispriester; en waar Luther met die konsubstansiasieleer sê dat die alomteenwoordige menslike natuur van Christus ná sy opstanding 'in en onder die uiterlike gestaltes van brood en wyn is soos vuur in 'n warm yster', daar stel die Heidelbergse Kategismus dat ons 'die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser' ... 'net so waarlik ontvang vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof' (Engelbrecht 1978: 126-135).

Maar die Heidelbergse Kategismus wil nie in verband met die belydenis van die hemelvaart by hierdie polemiese aspek ophou nie; dit wil die hele feit van die hemelvaart laat uitmond in die soteriologiese betekenis daarvan vir die gelowiges om hulle te troos en te bemoedig. Dit wil (HK 49) veeleer praat oor die 'nut van die hemelvaart van Christus vir ons'. Hierdie troosvolle 'nut' van sy hemelvaart het drie aspekte: 'Eerstens dat Hy in die hemel ons *Voorspraak* is by die Vader'. S6 word hy in 1 Johannes 2: 1 genoem, terwyl ons in Romeine 8: 34 lees dat Hy die gekruisigde en opgestane Heer, 'sit aan die regterhand van God en vir ons pleit'. 'Tweedens dat ons ons menslike natuur in die hemel het as *'n betroubare waarborg*'. Trouens 'Hy as die Hoof, sal ook ons, sy lede na Hom toe neem'. 'Derdens dat *Hy sy Gees as waarborg* na ons toe stuur, deur wie se krag ons *soek na wat daar bo is ....*'

Ek kan aan geen beter manier dink om hierdie artikel oor die Heidelbergse Kategismus af te sluit as juis hierdie aanhaling wat die troos van die Evangelie van Jesus Christus helder laat skitter nie.

**Literatuurverwysings**


BARTH, Karl 1948. *Die Christliche Lehre nach dem Heidelberger Katechismus*. Zürich: Zollikon.

BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, SFHJ 1948. *Het Gebed*. Nijkerk: Callenbach.

BOSMAN, HL *et al* 1987. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis: Ontstaan, Skrifgebruik en gebruik*. Pretoria: Unisa.

ENGELBRECHT, BJ 1978. *Teologie in die Kerk*. Pretoria: HAUM.

ENGELBRECHT, BJ 1979. *Temas rondom die Reformasie*. Pretoria: HAUM.

ENGELBRECHT, BJ 1987. 'n Nuwe ekumeniese geloofsbelydenis? *HTS*, 43, 72-85.

HAITJEMA, Th L 1962. *Die Heidelbergse Catechismus*. Wageningen: Veenman.

HULDREICH ZWINGLIS WERKE. Hrsg von M Schuler und J Schulthess.

KOOPMANS, J 1946. *De Tien Geboden*. Nijkerk: Callenbach.

MISKOTTE, KH 1947. *De blijde wetenschap*. Nijkerk: Callenbach.

NOORDMANS, O 1949. *Het koninkryk der hemelen*. Nijkerk: Callenbach.

OBERHOLZER, JP 1987. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria: Kital.

OORTHUYS, G 1948. *De Sacramenten*. Nijkerk: Callenbach.

VAN DER LEEUW, G 1955. *Dogmatische brieven*. Amsterdam: HJ Paris.

VAN SELMS, A 1951. *Wie achter is moet voorgaan*. Den Haag: Boekencentrum.

## BYLAE A

1. Die syfers by die Nederlandse Geloofsbelydenis dui die artikels aan en dié by die Heidelbergse Kategismus dui die Vrae en Antwoorde aan.
2. 'n Syfer tussen hakkies dui aan dat die plek waarna verwys word, die betrokke onderwerp baie kort aanroer, dat daar soms slegs na die betrokke onderwerp verwys word, dikwels slegs implisiet.
3. Waar by 'n artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis na geen artikel van die Heidelbergse Kategismus verwys word nie, dui dit aan dat in dié geval die betrokke onderwerp eie stof van die Nederlandse Geloofsbelydenis is.

| Art | Temas van die NGB en ooreenstemmende temas by die HK | Vrae en Antw HK |
|---|---|---|
| 1 | Die enige God | 26, (120-121) |
| 2 | Die middele waardeur ons God ken | 19, 25 |
| 3 | Die geskrewe Woord van God | - |
| 4 | Die kanonieke boeke van die Heilige Skrif | - |
| 5 | Die gesag van die Heilige Skrif | - |
| 6 | Die onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke | - |
| 7 | Die volkomenheid van die Heilige Skrif | - |
| 8 | Die Drie-enige God. Een in wese; drie onderskeie Persone | 24-25 |
| 9 | Skrifgetuienis oor Drie-eenheid | - |
| 10 | Die Godheid van Jesus Christus | (33) |
| 11 | Die Godheid van die Heilige Gees | (53) |
| 12 | Die skepping van alle dinge, veral die engele | 26 |
| 13 | Die voorsienigheid van God | 27, 28 |
| 14 | Die skepping van die mens. Die sondeval en die gevolge daarvan | (3), 5-9 |
| 15 | Die erfsonde | 7, 8 |
| 16 | Die ewige verkiesing van god | - |
| 17 | Die Verlosser deur God beloof | 19 |
| 18 | Die menswording van Jesus Christus | 35 |
| 19 | Die twee nature van Jesus Christus | 15-18, 47, 48 |
| 20 | God se regverdigheid en barmhartigheid in Jesus Christus | 10-12 |
| 21 | Die versoening deur Jesus Christus | 20-22, 59-61 |

| | | |
|---|---|---|
| 23 | Ons Geregtigheid voor God | 43 |
| 24 | Heiligmaking en goeie werke | 62, 63, (64)<br>87-91 |
| 25 | Die seremoniële wet in Christus vervul | (3, 4) |
| 26 | Christus ons Voorspraak (en Middelaar) | (14-18), 49 |
| 27 | Die algemene Christelike kerk | 55, (54) |
| 28 | Elkeen verplig om by ware kerk aan te sluit | - |
| 29 | Kenmerke van die ware en valse kerk | - |
| 30 | Die regering van die kerk | 50 |
| 31 | Die ampsdraers van die kerk | - |
| 32 | Die orde en tug van die kerk | 83-85 |
| 33 | Die sakramente | 65-68 |
| 34 | Die heilige doop | 69-74 |
| 35 | Die heilige nagmaal | 75-82 |
| 36 | Die burgerlike owerheid | 104, 105, (110) |
| 37 | Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe | 52, 57, 58 |

**Die eie stof en aksente van die Heidelbergse Kategismus**

| | |
|---|---|
| Ons enigste troos | 1 en 2 |
| Die kennis van die sonde uit die wet; eis van die wet; nakoming van die wet | 3, 4, 5 |
| Die betaling vir die sonde. Nie onsself of enige skepsel kan betaal nie | 12, 13 |
| Wat geloof is én die uitleg van die inhoud van die geloof, die Apostolicum | 22vv |
| Die betekenis daarvan dat God alles geskep het en onderhou | 28 |
| Die Jesus-naam | 29 |
| Teen die heiliges se rol | 30 |
| Christus as gesalfde. Die drievoudige amp (NGB 21 net priesterskap) | 31 |
| Ek as Christen | 32, 33 |
| Christus as Here | 34 |
| Jesus se ontvangenis en die betekenis van die maagdelike geboorte | 35, 36 |
| Pontius Pilatus | 38 |

| | |
|---|---|
| Jesus Christus se kruisiging | 39 |
| Jesus Christus se dood | 40 |
| Jesus Christus se begrafnis | 41 |
| Hoekom moet ons nog sterwe? | 42 |
| Die nut van die offer en dood van Jesus aan die kruis (kyk ook NGB 21, 22) | 43 |
| Jesus Christus se neerdaling na die hel | 44 |
| Jesus Christus se opstanding | 45 |
| Jesus Christus se hemelvaart | 46 |
| Jesus Christus se teenwoordigheid ná sy hemelvaart | 47 |
| Jesus Christus se mensheid en Godheid na sy hemelvaart | 48 |
| Die nut van Jesus Christus se verheerliking - gawes van die Gees en beskerming | 51 |
| Die gemeenskap van die heiliges | 55 |
| Die Wet van God en die uitleg daarvan | 92-115 |
| Oor die gebed. Die Ons Vader en die uitleg daarvan | 116-129 |